**HILLCREST HIGH SCHOOL**

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

**GRAAD 9**

**JUNIE EKSAMEN 2021**

**PUNTE : 70**

**TYD : 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit _8_ bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. **Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **AFDELING A:** | **VRAAG 1** | **E-pos: Sorry, Ma.** | **[20]** |
| | **VRAAG 2** | **Kontekstuele vrae: Sorry, Ma.** | **[15]** |
| **AFDELING B:** | **VRAAG 3** | **Kontekstuele vrae: Blind Date** | **[18]** |
| | **VRAAG 4** | **Kontekstuele vrae: Blou Moord** | **[17]** |

2. **Lees ALLE instruksies baie deeglik deur.**

3. **Beantwoord AL die vrae.**

4. **Begin ELKE afdeling op ‘n NUWE bladsy.**

5. **Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.**

6. **Laat ‘n reël na ELKE antwoord oop.**

7. **Skryf netjies en leesbaar.**

## STERKTE!

**AFDELING A**

**VRAAG 1: Kort Transaksionele Skryfstuk**

**Teken die volgende e-pos in jou skryfboekie oor.**

| | |
|---|---|
| **Aan:** | |
| **Van:** | |
| **Onderwerp:** | |
| **BOODSKAP** | |

**Jy is die hoofkarakter in die kortverhaal, "Sorry, Ma".**

**Skryf 'n E-POS aan jou maat, Regard, waarin jy vir hom vertel wat alles gebeur het toe jy by die huis gekom het die volgende oggend.**

**Vertel wat jou ouers vir jou gesê het en wat die gevolge van die vorige aand was.**

**Jy moet jou werk beplan, 'n eerste poging en dan 'n finale poging doen.**

**Jou skryfstuk moet 80 – 100 woorde lank wees.**

**Onthou om jou getal woorde onderaan te skryf.**

**[20]**

**VRAAG 2: "Sorry, Ma" (Jaco Jacobs) kontekstuele vrae**

**Lees die volgende uittreksel uit die kortverhaal en beantwoord dan die vrae wat volg.**

> **"Ek weet ek het gesê Ma-hulle kan my vertrou en my alleen by die huis los. Ek was regtig nie van plan om 'n partytjie te hou nie. Eintlik het ek net vir Regard genooi. Of hoe, Regard? Dis mos die waarheid, né? Sien Ma?**
>
> **Ons was van plan om die hele aand Playstation te speel. Maar toe hoor Theuns daarvan – Ma weet mos, Theuns, tannie Ina se seun, wat saam met my in die klas is? Hy't gehoor van ons Playstation-aand en toe vra hy of hy ook maar kan kom inloer, want hy het hierdie *great* nuwe *game* gekry wat ons kan *jol.***

2.1 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die nommer en antwoord neer.

Die hoofkarakter se ouers het daardie aand na 'n (dans/ aandete/ dinee) gegaan. (1)

2.2 Watter TWEE dinge het Theuns daardie aand in plaas van sy *great nuwe game* saamgebring? (2)

2.3 Wat is die *band* se naam? (1)

2.4 Theuns was baie lomp.

2.4.1 Aan watter sport het Theuns deelgeneem? (1)

2.4.2 Hoekom kan ons sê dat Theuns "baie lomp" in hierdie sport is? (1)

2.4.3 Watter bynaam het die een vrou vir Theuns gegee? (1)

2.4.4 Watter lomp ding het Theuns by die spreker se huis gedoen? (1)

2.5 Kies die korrekte antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die nommer en die letter neer, bv. 2.5A.

Die Persiese Tapyt

A. het min gekos.
B. het baie gekos.
C. kon gewas word.
D. kon gered word. (1)

2.6 Hoe het die spreker die mat probeer red? (1)

2.7 Pas die woorde in KOLOM B by die artikels in KOLOM A. Skryf net die nommer en die letter neer, bv. 2.7.1A.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 2.7.1 Die pons | A. was nie 'n *wet-and-dry* nie. |
| 2.7.2 Die vissies | B. 'n geskenk van Pa. |
| 2.7.3 Die stofsuier | C. helfte daarvan het uitgeval. |
| 2.7.4 Die tapyt | D. swem nog. |
| | E. behoort aan Landie. |

(4)

2.8 Hoekom het die spreker besluit hy sal maar eerder die video maak en by Regard se huis oorslaap? (1)

[15]

TOTAAL AFDELING A: 35 PUNTE

AFDELING B

VRAAG 3: Blind date (Christie Nortjé)

> **Marnus se glimlag verdwyn. Dis nou sy beurt om te lyk of hy 'n spook gesien het. "Uhm ... wel ..." Hy krap sy kop ongemaklik. "Ek moet ongelukkig gaan. Sê tog vir jou ma dit was alles 'n misverstand."**
>
> **Toe hy omtrent by die Milky Lane uithardloop, lag Esmarie so hard dat sy aan die stoel moet vashou om nie om te val nie.**
>
> **"O," sug Nelda, "Wat sal ek sonder jou doen?"**

3.1 Hoe het Marnus homself aan Nelda beskryf? Noem 3 dinge. (3)

3.2 Kies die korrekte antwoord en skryf dit neer.

Die ware Marnus was 'n (jong/ou) man. (1)

3.3 Marnus moet Nelda in Milky Lane ontmoet.

3.3.1 Waar moes Marnus sit? (1)

3.3.2 Wat moes Marnus saambring? (1)

3.4 Kies die antwoord wat die sin korrek sal voltooi. Skryf net die nommer en die letter neer, bv. 3.4A.

'n *Blind date* is ...

A. 'n blinde dadel.
B. om met 'n blinde persoon uit te gaan.
C. om met 'n vreemdeling uit te gaan.
D. 'n blinde kêrel. (1)

3.5 Voltooi die paragraaf deur woorde uit die volgende woordblok te kies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Matriekdans | foto | hoërskoolsokkie | selnommer | adres | saalbyeenkoms |

Nelda wou vir Marnus na die 3.5.1___ neem. Nelda het 'n fout begaan en haar 3.5.2___ op Mxit gesit. Sy het egter nie haar 3.5.3___ opgesit nie dus het Marnus nie geweet hoe Nelda lyk nie. (3)

3.6 Hoekom raak Nelda bang as sy hoor Esmarie het 'n plan? Wees spesifiek. (1)

3.7 Pas die name in KOLOM B by die stelling in KOLOM A. Skryf net die nommer en die letter neer, bv. 3.7.1A.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 3.7.1 Ou man wat van jong meisies hou. | A. Marnus |
| 3.7.2 Sy is 'n probeem-oplosser. | B. Nelda |
| 3.7.3 Sy het 'n baie dom ding gedoen. | C. Esmarie |
| 3.7.4 Hy het oor sy voorkoms en ouderdom gelieg. | D. 'n Pedofiel |
| | E. 'n Oupa |

(4)

3.8 Vul die korrekte woorde in die oop spasies in. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

3.8.1 Esmarie het die situasie gered deur te maak asof Nelda haar ___ is. (1)

3.8.2 Esmarie het gesê hierdie persoon in (3.8.1) is ___ jaar oud. (1)

3.9 Watter les, dink jy, het Nelda uit hierdie storie geleer? (1)
[18]

**VRAAG 4: Blou moord (Francios Bloemhof)**

**Lees die volgende uittreksel uit die kortverhaal en beantwoord dan die vrae wat volg.**

> **Hondjies is mos hondjies wat net aanhou en aanhou en aanhou blaf. Gwendolyn is 'n poedel en sy blaf alweer, blaf die hele *%^$$#&* nag deur.**
> **"Klein *%^$$#&,"* mompel Robert onder sy duvet.**
> **"Nee, sy's 'n poedel," sê Steve, sy broer.**
> **Robert trek die duvet nog stywer oor sy kop. "Gaan dit nooit end kry nie?"**
> **Steve lê en luister na die blikkerige gekef. Dit is 'n geluid wat skurke sou kon gebruik om 007 te dwing om sy geheime uit te lap.**
> **Maar die Albertyns is hulle bure; Gwendolyn moet verdra word.**

**4.1 Kies die korrekte antwoord en skryf dit neer.**

**4.1.1 Robert en Steve is ('n normale/identiese tweeling). (1)**

**4.1.2 Verduidelik waarom jy só in 4.1.1. sê. (1)**

**4.2 Pas die beskrywing in KOLOM B by die name in KOLOM A. Skryf net die nommer en die letter neer, bv. 4.2.1A.**

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 4.2.1 Gwendolyn | A. Langbeen Alsatian. |
| 4.2.2 Pophuisie | B. Hulle woon langsaan. |
| 4.2.3 Albertyns | C. Robert en Steve se huis. |
| 4.2.4 Atilla | D. Poedel wat baie blaf. |
| | E. Gwendolyn se huis |

**(4)**

**4.3 Die volgende stelling is ONWAAR. Verduidelik waarom.**

**Dit was vir Robert en Steve maklik om hulle ouers te oortuig om hulle uit die huis te laat trek en dat hulle nie meer in die huis hoef te slaap nie. (1)**

**4.4 Robert en Steve doen elkeen iets wat die ander een irriteer.**

**Verduidelik wat (a) Robert verkeerd doen en (1)**

**(b) wat Steve verkeerd doen. (1)**

**4.5 "Robert en Steve het ook 'n hond: 'n regte een."**

**Wat probeer hulle van Gwendolyn sê met hierdie woorde? (1)**

**4.6 Kies die mees gepaste antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die nommer en letter neer.**

**Atilla hou daarvan om ...**

**A. met groter honde te baklei.**
**B. kleiner hondjies dood te byt.**
**C. met groter honde te speel.**
**D. met kleiner hondjies te speel. (1)**

**4.7 Wat het Steve en Robert se ouers gedoen om Atilla in die erf te hou? (1)**

**4.8 Wat het Robert en Steve gedink, het met Gwendolyn gebeur? (1)**

**4.9 Gebruik die woorde in die woordblok hieronder om die paragraaf korrek te voltooi. Skryf net die nommer en die antwoord neer.**

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| rooi | gewoon | blou | gaaf | wreed | groen | spesiaal | mooi | lelik |

**Gwendolyn se eienaars het gedink sy het 4.9.1___ bloed. Dit beteken hulle het gedink dat sy 4.9.2___ is. Die twee broers het gedink Atilla is baie 4.9.3___ om klein Gwendolyn sommer so dood te maak. (3)**

**4.10 Hoe is Gwendolyn eintlik dood? (1)**
**[17]**

**TOTAAL AFDELING B: 35 PUNTE**

**SOMTOTAAL : 70 PUNTE**